Geagte Affiliasievoorsitter / -Sekretariaat

Agri NW se vorige E-pos, gedateer 4 Februarie 2019, in verband met VERHOOGDE VOERTUIGLISENSIEGELDE en onder andere die prosedure om geld wat te veel betaal is terug te eis, het betrekking.
Vind aangeheg die volgende dokumente wat deur die Departement benodig word vir die terugbetaling van oorverhaalde lisensiegelde vir jul dringende aandag en bekendmaking aan lede:

- Aansoek vir terugbetaling van lisensiegelde,
- Volledige Bankbesonderhede, en
- Sertifikaat as bewys van betaling.

Die dokumente kan aangestuur word vir prosessering en betaling na:
E-pos: mmambo@nwpg.gov.za
Faks: 018 388 1774
Tel: 018 388 4090

Stuur ook 'n afskrif (cc) van die Aansoek na hessie@agrinw.co.za by Agri NW-Hoofkantoor, sodat ons dit op rekord kan plaas met die oog op moontlike toekomstige ondersteuning. Die verantwoordelikheid berus by elke geaffekteerde produsent om self hierdie vorms te voltooi en aan te stuur.

Agri NW is nog steeds besig om uitsluitsel te kry oor die hantering van boetes wat reeds gehef is en moontlik gehef gaan word op agterstallige lisensiegeldbetalings, wat te wyte was aan die foutiewe publikasie van lisensietariewe en versuim deur die Departement om dit tydig te herstel.

Navrae: Boeta du Toit 0823881722

Agri NW-Groete

Boeta du Toit
Uitvoerende Hoofbestuurder